

**Redaksie**

Ds. E. Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com  
Ds. J. van der Linden, Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

Mei 2011 Nommer 104

## INHOUDS OPGAWE

'n Derde gebod? ...1

Egte medemenslikheid ...3

Tugtoepassing gebied-  
end noodsaaklik ...4

Boekenuus ...7

## SELFAANVAARDING

*W von Lindheim*

### 'n Derde gebod?

Daar is skrywers wat dink daar bestaan 'n derde gebod in die Bybel wat sê dat ons onself moet aanvaar of liefhê. Hulle lees dit as 'n gebod: "Jy moet jou naaste liefhê *soos jouself*" (Matt 22:39). Hulle verduidelik soos volg: "soos jouself" beteken dat jy jouself aanvaar of liefhet. En as dit nie die geval is nie, kan jy jou naaste ook nie rêrig liefhê nie. Selfliefde is dus volgens hierdie mense 'n voorwaarde om ander mense te kan liefhê. Daarom moet ons aandag gee aan liefde vir onself. Trobisch noem dit selfs "'n derde gebod".

Daar is drie redes waarom ons nie hiermee kan saamstem nie.

Eerstens: Wanneer ons sê: "Jy moet die deurkosyn dieselfde geel verf as die vensterraam", dan beteken dit nie dat die vensterraam eers ekstra geel geverf moet word en daarna die deurkosyn nie. Die vensterraam is alreeds geel. Ons hoef nie nog ekstra aandag hieraan te gee nie. Net so is "soos jouself" 'n basiese gegewe, nie 'n derde gebod nie.

Tweedens: Hierdie gebod van die Here Jesus sou dan nie op almal van toepassing kon wees nie, want nie almal beleef 'n positiewe selfaanvaarding nie. Daarenteen is hierdie wet van God wêl vir alle mense bedoel. Hierdie "soos jouself" beteken nie selfaanvaarding (soos Trobisch dit bedoel) nie. Dit dui op 'n natuurlike betrokkenheid, wat elke mens in hom het. Maak nie saak hoe jou selfbeeld is nie, wanneer dit oor jouself gaan, weet jy dadelik waarvan jy hou of nie hou nie, en of jy iets as reg en billik ervaar of nie, ens.

Die derde rede waarom ons hierin nie 'n derde gebod sien nie, is dat op so 'n manier jou liefde vir jouself voorrang het bo jou liefde vir jou naaste. Daar is selfs mense wat eieliefde as grondslag beskou vir

naasteliefde. Dus: Eers liefde vir die Here God, dan ek-self en dan my naaste; eieliefde en naasteliefde word eintlik as gelyk beskou. Maar dit is nie waar nie! Nee, die rede vir naasteliefde lê nie in eieliefde nie, maar in God se liefde vir ons (Joh. 3:16,17; 4:7-8).

## God se liefde vir ons

Tog leer die Bybel ons dat ons onself mag aanvaar, ook al staan dit nie letterlik so geskryf nie. Dwarsdeur die hele Bybel spreek die Here indirek hieroor, want Hy praat oor Sy liefde vir ons. Ons is waardevol vir Hom. "Omdat jy kostelik is in my oë, hoog geag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke in jou lewe" (Jes. 43:4). 'n Pragtige teks! God die Vader het liefdevol elkeen van ons uniek gemaak, met ons eie gawes, ons sterk en swak kante, asook ons gevoel, verstand, liggaam en ons eie lewensloop (Ps. 139).

As gevolg van die sonde is ons totaal verdorwe. Maar God die Seun, Jesus Christus, het ons so liefgehad, dat Hy sy lewe gegee het om ons te verlos. Hy vergewe ons ons sondes en vernuwe ons lewe, sodat ons weer vir God kan dien (Ef. 2:4-6; Rom. 6:10).

God die Heilige Gees wil in ons hart woon. Ons mag selfs 'n tempel van God wees! Hy gee vir ons gawes, sodat ons goeie werke kan doen, wat Hy aan ons bekend maak en in ons werk (Ef. 2:10; Hebr. 6:10), ook met betrekking tot die gemeente (Rom. 14:4-8; 1 Kor. 12:12-31).

So mag ons onself aanvaar deur God se liefde. Omdat God my so gemaak het, mag ek dit so aanvaar. Omdat God my toerus met gawes, mag ek my hierin verheug. Omdat God my sondes vergewe, mag ek dit in dankbaarheid aanvaar en is dit nie meer nodig dat ek myself hieroor blywend verwerp nie. Omdat God my só liefhet, mag ek bly wees met wie ek is. Dáárom mag ek my lewe aanvaar as 'n geskenk uit die Here se hand. Vanselfsprekend is daar nie plek vir hoogmoed en selfverheffing nie, maar dankbaarheid teenoor God is gepas. So kry God, ons Skepper en Verlosser, die eer wat Hom toekom!

Die Bybelse boodskap is nie "aanvaar jousef" nie, maar "wees aanvaar in Christus".

Ons selfvertroue is dus *Godsvertroue*.

Ons eiewaarde is 'n *geskenkte eiewaarde*.

Dit gee vrede met God, mense en jousef.

## Eieliefde veroordeel

Ons kan onself afvra of dit nie tot selfsugtigheid en eieliefde lei nie? Die Bybel waarsku ons hiervoor. Neem bv. 2 Timoteus 3:2 (liefde vir jousef). By Calvyn het selfliefde geen plek nie: "Naasteliefde is die einde van selfliefde".

Maar ons kan ook iets meer sê as dit. Vir Calvyn gaan dit oor 'n sondige gerigtheid, na jousef gerig wees. (Kom ons noem dit selfliefde). Alles gaan oor jousef, tot jou eie voordeel. Jou "eie-ek" is die middelpunt van alles. Dit is sonde en selfsugtigheid. Tog is gelowige selfaanvaarding iets anders. Jou eie selfaanvaarding is deel van die liefde van God, dankbaarheid teenoor God en liefde teenoor die naaste.

**Die Bybelse boodskap is nie "aanvaar jousef" nie, maar "wees aanvaar in Christus"**

## Ons sondes en swakhede

In die praktyk van die lewe steek ons ou sondige natuur steeds weer sy kop uit, die sondige ek. Jy staar jou vas teen jou sondes, jou mislukkings, jou beperkte moontlikhede. Baie van dit wat 'n mens doen en beplan om te doen, bly onvolmaak en onvolledig. Dit kan 'n mens diep hartseer maak. Kan 'n mens dan nog vrede hê met jou bestaan? Hiermee saam leer die Bybel ons tog dat ons ons moet bekeer, stry teen die sonde en ons lewe verander. Hoe kan ons dan vrede hê in ons hart?

Nee, God se kinders is beslis nie bly met alles in hulle lewe nie. Ons het opregte berou oor ons sondes wat God bedroef het, ja wat God ook vertoorn het. Ons haat die sonde al hoe meer, en wil daarvan wegvlug (Heidelbergse Kategismus, Vr en Antw 88). Daarom staan in die Nagmaalsformulier

**Nêrens is God so naby aan die mens soos in Jesus Christus nie; en nêrens word Christus so vertroulik aan ons voorgestel soos in die heilige sakrament, nie.**

- R Baxter

geskrywe dat ons ook 'n afkeer van onself moet hê, vanweë ons sondes. Dit wys op hoe ons lyk, vanuit onself: Verlore in sonde en skuld. As ons so daarna kyk is daar genoeg rede om onself te haat. Ons kan nooit bly en tevrede wees met ons "eie-goeie-ek" nie, want 'n "goeie-ek" bestaan nie.

Maar God wil ons sondes vergewe. En hoe bevrydend is dit nie! Nou is dit nie meer nodig dat ons ons blind staar op dit wat nie reg is in ons lewe nie. Dit is nie meer nodig om onself te haat en verwerp nie. Nee, ons aanvaar nie ons sondes nie, maar ons bekeer ons daarvan omdat ons Christus leer ken het. Ons mag bly wees met ons lewe, ondanks ons sondes.

Dit beteken nie dat ons ons sondes volledig moet oorwin as 'n voorwaarde vir God se liefde en aanvaarding van ons nie. Selfaanvaarding en bekering is nie in stryd met mekaar nie. Ons mag onself juis aanvaar *as kinders van God*. Dit is bemoedigend! Nou het ons ruimte om te verander en te groei in geloof. God bewerk hierdie groei en Hy snoei ons tot vrugbare ranke.

Wat gebeur as ons vashaak by ons swakhede, grense, beperkings en gebrekkige werke? Ook hierin is daar uitkoms! Ons mag dit in God se hand plaas. Ons swakhede en tekortkominge kan natuurlik onvrede gee, maar dit sal in beginsel nooit ons lewensvreugde kan demp nie.

God is in totale beheer van ons lewe. Ons is deel van God se toekomsplanne, waarby die onvolmaakte en slegte van my lewe, deel van die verlede word!

## In die praktyk

Kan ongelowiges tot ware selfaanvaarding kom?

Nie net Christene nie, maar ook baie ongelowiges het 'n positiewe selfbeeld. Is hierin 'n verskil tussen gelowiges en ongelowiges? Is 'n positiewe selfbeeld, waarvan die sielkundiges praat, dieselfde as wat die Bybel ons leer?

Nee, dit is nie dieselfde nie. Die verskil is die

volgende: Waar kom jou selfbeeld vandaan (die grond) én wat maak jy daarmee (die norm)?

'n Ongelowige kan 'n blymoedige (valse) vrede in hom hê, sonder om in God te glo. Hy dank God nie vir wie hy is nie. Hy wil homself uitleef, sonder om rekening te hou met God se wet. Alle "voordele" van 'n positiewe selfbeeld (aandag vir ander mense, gemaklik in omgang met mense) is nie in gehoorsaamheid en liefde tot God gerig nie (verg. Heidelbergse Kategismus vr. 91), maar word net tot eie voordeel gebruik: populariteit, beroep ens.

Die wêreldse beeld van selfaanvaarding begin gemaklik oorloop tot sondige selfliefde. Selfontploffing en selfbeskikkingsreg staan somer vinnig bo aan die lys. En dit sien 'n mens weer so vinnig in allerlei dinge in ons samelewing. Dink maar net aan die hoë egskeidingsyfers, en aan hoe min mense nog besig is met selfkritiek.

Daarom is dit belangrik om krities te wees en nie somer alles te aanvaar wat sielkundiges sê oor selfaanvaarding nie. Want dikwels gaan dit dan net oor dit wat die mens bedink. En die gelowige kyk tog altyd na homself vanuit dit wat God sê?

---

## EGTE MEDEMENSLIKHEID

*D Vreugdenhil*

*"Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê"*

(1 Johannes 3:16)

Egte medemenslikheid is 'n onderwerp waarvoor al baie gepraat is. Baie mense meet die geloofwaardigheid van die kerk en haar lidmate aan hul sosiale betrokkenheid en die klem wat hul plaas op 'menseregte'.

Dit word as belangriker geag om betrokke te wees by die "verdrukte" mens, naby en ver, as wat dit is om vas te hou aan en te pleit vir die waarheid van God se openbaring in die Heilige Skrif. Partykeer

**Jesus het aan sy dissipels gesê om dissipels te gaan maak, nie bekeerlinge nie. 'n Dissipel is 'n lewenslange student wat 'n kruis dra terwyl hy sy Meester volg.**

- Mark VanderHart

word dit selfs as die enigste waarde en doel van godsdiens gesien, naamlik om sosiale ongeregtigheid te bestry of te veg vir die verligting van die fisiese nood. Johannes pleit ook vir die liefde vir die naaste. Selfs met groot nadruk doen hy dit in sy brief.

Maar as Johannes begin praat oor die naasteliefde, dan is dit glad nie iets wat voortspruit uit 'n mensgerigte filosofie of uit die idee van 'n godsdienstige sosialisme nie. Dit moet liefde wees vanuit ons geloof in die Here Jesus Christus, wat deur sy dood aan die kruis sy liefde vir God se kinders vasgemaak het.

Slegs hy wat glo dat God in liefde sy sondes versoen het deur die dood van die Seun van God, kan egte liefde bewys teenoor sy naaste. Die egte medemenslikheid groei vanuit die gehoorsaamheid aan *albei* tafels van die wet, naamlik: "God liefhê bo alles en die naaste soos jouself."

En dan nie slegs met woorde nie, maar ook met die daad.

**Slegs hy wat glo dat God in liefde sy sondes versoen het deur die dood van die Seun van God, kan egte liefde bewys teenoor sy naaste**

Johannes skryf: "Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, en sy hart vir hom toesluit - hoe kan die liefde van God in hom wees?"

Met "sy broers" word allereers die medegelowiges bedoel, maar ook die naaste in die algemeen. Hy wat nie mededeelsaam is met dit wat hy ontvang het nie, het nie die reg om 'n kind van God genoem te word nie.

Alles wat jy nie uit geloof doen nie, is sonde (Rom 14:23). Hierdie Bybelse waarheid roep die "goeie" humanis op tot bekering tot die Drie-Enige God - dié God wat een en al liefde is.

En net so moet hy wat homself 'n Christen noem, maar nie die nood van sy naaste raaksien nie, hom eweneens bekeer tot God, die Vader van ons Here

Jesus Christus. Want dit is hierdie God en Christus se grootste begeerte om deur liefde gelukkig te maak.

Mag die Here ons almal deur Sy Gees leer wat liefde tot God en tot die naaste is, sodat die liefde in ons mag bly.

## TUGTOEPASSING GEBIEDEND NOODSAAKLIK

A N Hendriks

*"Toe sê die Here aan Josua: Staand op; waarom tog lê jy op jou aangesig? Israel het gesondig en het ook my verbond oortree wat Ek hulle opgelê het, en ook geneem van die bangoed en ook gesteel en dit selfs heimlik by hulle goed gevoeg. En die kinders van Israel sal nie kan standhou voor hulle vyande nie; hulle sal hul vyande die rug gee, omdat hulle self 'n ban geword het. Ek sal nie meer met julle wees tensy julle die ban onder julle uit verdelg nie."* (Josua 7:10-12)

### 'n Gebed afgewys

By Ai het Israel 'n verskriklike neerlaag gely. Die fiasko maak diep indruk op die volk. Josua en die oudstes begryp dat daar iets grondig verkeerd gegaan het in die verhouding tussen die Here en sy volk. Die gebeure het aanleiding gegee dat hulle in diepe ontredde hulle voor God se troonsetel, die ark neergewerp het. Klere word geskeur en as word op die hoof gestrooi.

Nou dat dit vir Israel so donker geword het, word Josua voorbidder vir sy volk. Biddend worstel hy vir lig. Die Here het tog nie sy verlossingswerk gestaak nie? God het mos nie verander nie? Dit kan tog nie waar wees dat Hy sy volk oor die Jordaan laat trek het, en in die hande van die Amoriëte gegee het nie? Josua wys vir God op die gevolge van wat gebeur

**Nie wanneer daar gesê word: "Dit was 'n mooi preek", was die preek werklik geestelik nie, maar wanneer daar gesê word: "Hoe ryk was die Woord!" - K Schilder**

het. Wanneer die inwoners van Kanaän van die nederlaag sal hoor, sal dit hulle moed gee om met Israel af te reken. En wat sal die Here dan doen vir sy groot Naam?

Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n pragtige gebed. Josua praat oor God se verlossingswerk en bring God se Naam in geding. Hy het duidelik goed geluister toe Moses telkemale vir sy volk gebid het (vgl Eks 32:11 ev). Die Here reageer egter fel. Josua en die oudstes moet dadelik met hierdie vertoning ophou. Sy vrae deug nie. Daar is grondig fout met die verhouding tussen God en sy volk. Dit is nie daaraan te wyte dat die *Here* verander het nie. Josua en die oudstes kon weet: iets het by *Israel* verander. Die Here het deur Moses gesê dat indien Israel sy verbond sou verlaat, sy volk deur hulle vyande oorweldig sou word (Deut 28:25,26). Die dooie liggeme van die Israëliete wat by Ai lê, roep tot Josua en die oudstes: daar is gesondig! God se verbond is verbreek. Josua het die nederlaag nie in die lig van God se Woord gesien nie. Daarom deug sy gebed nie. Ware verootmoediging ontbreek. Josua het pragtige argumente. Selfs die eer van die Here word in gedrang gebring. Maar Israel se sonde word misgekyk!

## Sonde aangewys

Josua kry 'n beskamende les van God. Sy woorde is skerp. Josua kan probeer om van die skuld weg te skram, maar die Here doen dit nie. Intendeel, die Here spel dit uit: “*Israel het gesondig, en hulle het my verbond wat ek met hulle gesluit het, oortree.*” Om hierdie aanklag van die Here goed te begryp, moet ons goed verstaan wat Agan eintlik gedoen het.

Die Here het oor Jerigo 'n totale ban uitgespreek. Nie elke Kanaänitiese stad is deur so 'n banvloek getref nie. By ander stede kon Israel wel oorlogsbuit neem. Maar in Jerigo nie. Die hele stad met al sy inwoners moes vernietig word. Goud en silwer was die Here se deel, en moes by die tabernakelskat gevoeg word.

Met dit voor oë, besef ons die erns van Agan se sonde. Hy het pure verbondsbreuk gepleeg deur

hom te vergryp aan dit wat in besonder aan die Here toegewy was. Tabernakelroof. Hy het die Here gekrenk in sy eiendomsreg.

Daarvoor kry Agan die doodstraf. Hy word gestenig. Uit die vonnis blyk hoe ernstig sy sonde was. Want op baie van die sondes was die doodstraf nie van toepassing nie. Wel op sondes waar die Here se verbond gebreek is. Die wet van Moses noem bv. egbreuk, afgodediens en sabbatsontheiliging. Vir sulke sondes kon geen offers gebring word nie. Dié was onversoenlik, omdat die verbond fundamenteel verbreek is.

In hierdie lig moet ons nou Agan se kwaad sien. Dit was nie net 'n gewone diefstal nie, maar aantasting van God se verbond. Agan het dit deeglik beplan. Dit was nie op die ingewing van die oomblik gedoen nie. Die Here noem die hele proses: geneem van die bangoed en ook gesteel en dit selfs heimlik by sy goed gevoeg. (Josua 7:11)

**As so 'n groot sondaar nou toegelaat word om ongehinderd onder die volk te verkeer, staan die hele volk skuldig in God se oë**

Heelwaarskynlik verbaas dit ons dat die Here *Israel* verwyt oor verbondsbreuk. Dit was tog slegs *Agan* wat van die bangoed geneem het? Seker, Agan het gesondig. Maar hy het dit gedoen as lidmaat van God se gemeente, Sy geheiligde volk. As so 'n groot sondaar nou toegelaat word om ongehinderd onder die volk te verkeer, staan die hele volk skuldig in God se oë. Iemand wat so welbekend in sonde leef, mag nie plek hê in die volk nie. So iemand tas die heiligheid van die hele volk aan, trek as't ware die hele volk in sy verbondsbreuk saam!

Ons leer iets van God se onverbiddelike aanklag. Nie alle sondes is gelyk en ewe ernstig nie. Daar is sondes wat die verbond breek en die verhouding tot die Here in sy kern aantast. Hulle vorm 'n skanddaad in Israel (Josua 7:15). Dit is sondes waarmee openlik gewys word dat daar geen respek vir die Woord van die Here is nie, en dit duidelik is dat die Here nie gevrees word nie. Wanneer sulke sondes in die gemeente voorkom, moet daar duidelik en beslis

**Die harmonie tussen die verskillende dele van die Christelike leer is so diep dat as daar dwaling insluip by een van die dele, dan veroorsaak dit 'n verdraaiing in al die dele van ons geloofsleer.**

- L Boettner

stelling ingeneem word. Want dan is God se verbond in gedrang.

Baie van die wat hulle Christene noem, beskou kerklike tug as 'n afskuwelike saak. Hulle meen dat dit onbarmhartig is om iemand van die nagmaalstafel te weer. En as die kerkraad verdere stappe neem en die ban of afsnyding van die gemeente toepas, dan is die gort gaar.

Maar hulle fokus is meer op die mense as op die Here. Die wat in sonde leef, tas die Here se verbond aan. Hulle ontheilig die gemeente. Hulle skend die verhouding tussen God en sy volk. En as die gemeente nie in aksie kom nie en die kwaad laat voortwoeker, dan staan hulle onder God se banvloek! Die kerklike tug bestaan ter wille van die sondaar. Dit is 'n geneesmiddel. Die sondaar moet tot bekering kom. Maar die kerklike tug is ook ter wille van die gemeente. Hulle moet die kwaad uit hulle midde verwyder. Hulle moet toon dat hulle die kwaad afskuwelik vind en dat hulle vir die Here en sy verbond opkom.

**As Israel nie vir Agan aanvat nie, kom hulle onder God se ban. Hulle kan verder trek, maar sonder die Here!**

### **Tugtoepassing vereis**

Uit alles blyk dat die Here die toestand baie ernstig bejeën. As Israel nie vir Agan aanvat nie, kom hulle onder God se ban. Hulle kan verder trek, maar sonder die Here!

Dit moet ons opval dat die Here die *hele volk* betrek by die tug-uitoefening oor Agan. Dit is nie 'n saak wat Josua en die oudstes kan afhandel nie. Die volk moet hulself heilig. Die volk moet hulle uiterlik en innerlik voorberei op wat gaan gebeur. Alles dui op die erns waarmee die saak behandel word.

Nadat God deur loting die skuldige aangewys het, moet die persoon met alles wat hy het, gestenig en met vuur verbrand word. Die banvloek moet in sy ergste vorm voltrek word. Self sy gesin moet sy

vonnis deel. So 'n straf was selde toegepas. Die wet van Moses het hierdie straf net geken in gevalle van baie ernstige aantasting van God se verbond. Dit is in Agan se geval aan die orde. Die banvloek word in sy ergste vorm uitgevoer. Selfs Agan se gesin kry saam met hom die doodstraf! Josua moet die hele volk daarby betrek. In Josua 7:24 e.v. lees ons dat die hele Israel vir die sondaar stenig en met vuur verbrand. Die gemeente van Israel oefen tug uit. Die gemeente kies uitdruklik kant vir die Here en toon dan ook hoe ernstig hulle dit ag as die verbond van die Here so blatant geskend word.

Tugtoepassing deur die hele Ou Testament is 'n gemeentesaak (sien bv Deut 13:9). Aan die voltrekking van die doodsvonnis (steniging) moet die hele volk deelneem. Steeds weer klink die oproep: “*so sal julle die kwaad uit julle midde verwyder.*”

In die Nuwe Testament is dit nie anders nie. Paulus spreek die gemeente van Korinte aan: “*Verwyder tog die slegte mens onder julle uit*” (1 Kor 5:13). Tereg sê dan ook Sondag 30 van die Heidelbergse Kategismus dat diegene wat met hulle belydenis en hulle lewe, hulle soos ongelowige en goddelose mense gedra, uitgesluit moet word. Ampsdraers moet daarby die leiding gee. Die kerkraad dra die verantwoordelikheid om die tug toe te pas. Die hele gemeente is betrokke by die openbare sensuur, met medewete, vermaning en gebed.

Dit alles is in lyn met wat ons in Josua 7 lees. Die gemeente kom op vir die eer van God. Hulle maak hulle vry van die kwaad wat in hul midde gebeur het. Hulle moet duidelik laat blyk hoe erg dit is as God se verbond geskend word.

'n Kerk sonder tug verloor die reg om 'n gemeente van God genoem te word. So 'n kerk lok die banvloek oor haar uit, as die kwaad in haar midde onversteurd toegelaat word. Nooit mag die gemeente vergeet nie dat bo die kerkdeure geskryf staan: “*Heiligheid pas by U huis, Here, tot in lengte van dae!*” (Ps 93:5)

**Laat ons versigtig wees om nie die Skrif te “bestudeer” totdat ons ons eie sin kry nie.**

# BOEKENUUS

- **Tussen Hamer en Aambeeld (deel 1) / JW Meijer**

“Tussen die hamer en die aambeeld is die yster wat die smid tot 'n nuttige voorwerp of 'n fraai sieraad wil vorm. En juis deur die slag van die hamer op die aambeeld kom die werkstuk tot stand. So is dit ook in die kerkgeskiedenis. Die groot teenstander van God beoog om met sy aanslae die koninkryk van God te vernietig, maar die Here bring daardeur juis sy koninkryk in al sy heerlikheid te voorskyn. Dit is die doel van hierdie boek: om dié verhaal te vertel.”

(171 bladsye - R175)

- **Tussen Hamer en Aambeeld (deel 2) / JW Meijer**

In hierdie tweede deel van “Tussen hamer en aambeeld” word die kerkgeskiedenis verder vertel met as subtitel: Die Reformasietydperk. (Deel 1: Algemene kerkgeskiedenis tot 1300). ‘Die jaar 1300 is min of meer die skarnier tussen deel 1 en 2. Dit is gedoen omdat omstreeks hierdie tyd die eerste tekens van verandering en die eerste pogings tot reformasie plaasvind. Die Middeleeue begin einde se kant toe staan. Renaissance, Humanisme en Reformasie is van die sake wat tot 'n groot omwenteling lei”.

(275 bladsye – R 210)

- **Tussen Hamer en Aambeeld (deel 3) / JW Meijer**

“In hierdie boek, deel 3 van die reeks, word 'n oorsig gegee van die moderne tyd. Dit is 'n baie wye veld en dit lyk asof hier nie by die oorspronklike uitgangspunt – dat ons keuse van onderwerpe bepaal word deur wat van betekenis is vir die gereformeerde gelowige in Suid-Afrika – gehou word nie.

Maar gereformeerde gelowiges in Suid-Afrika leef nie op 'n eiland nie. Die globalisasie, wat 'n direkte uitvloeisel is van die ontwikkeling van die Westerse kultuur in die moderne tyd, gaan nie aan

ons land en ons huise verby nie. Die oorfloed van inligting wat deur moderne kommunikasiemiddele beskikbaar gestel word, stroom ook ons huise en lewens in. En dit is daarom vir ons van belang om die bronne en agtergronde daarvan te leer ken. Daar is baie sake wat “Christelik” genoem word, maar wat 'n suiwer humanistiese uiting is. Die moderne teologie is getuigenis daarvan. Maar ook die reaksie op die doodsheid in die kerke kan nie sommer positief waardeur word nie. Met alle goeie bedoelings staan die outonome mens by hierdie reaksie ook in die middelpunt. Die moderne tydgees het sy tienduisende binne en buite die kerke verslaan. Hoewel daar in hierdie deel dus min sake met betrekking tot die ontwikkeling van die gereformeerde lewe ter sprake kom, is die inhoud wel deeglik van belang om die gees van die tyd te kan verstaan.

En dan is daar nog 'n tweede oorweging. In deel 4 is dit die bedoeling om aandag te gee aan die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. 'n Onderwerp wat hom byna heeltemal afspeel teen die agtergrond van wat in deel 3 ter sprake is. In verdere hoofstukke sal dus meermale na deel 3 verwys word.

Dit is uiteraard moontlik om nog baie meer oor hierdie tydperk en sy ontwikkelinge te skryf. Daar is egter gepoog om die belangrikste hooflyne in die moderne tyd uit te sonder, sodat daar ondanks alle beperkings tog 'n verantwoorde totaalbeeld geskep word.” (Uit die voorwoord)

Publikasie datum: Desember 2010

(R130)

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

[www.folmerboek.com](http://www.folmerboek.com)

## **Folmer Boekhandel (Kaapstad)**

Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560

Tel: 021 982 1402

e-pos: [eendenkooi@telkomsa.net](mailto:eendenkooi@telkomsa.net)

## **Folmer Boekhandel (Pretoria)**

Laseandrallaan 115, Mōregloed, 0186

Tel/faks: 012 333 8064

epos: [folmerpta@telkomsa.net](mailto:folmerpta@telkomsa.net)

**As die satan ons lastig val, dan weet ons dat ons op die regte pad is.**

- M Luther